

# Mirre

## JESUS OORWIN DIE DOOD

Ons ken mirre eintlik hoofsaaklik van die Kersverhaal in Matteus 2:11 waar die wyse manne vir Jesus goud, wierook en mire as geskenke gebring het.

Mirre is baie soos wierook, maar met 'n unieke geur en gebruike.  Soos wierook, is dit ook eintlik boomgom wat gedroog en gebrand word of as olie gebruik word.

In die Ou Testament is die hoofsaaklik in die tempel gebruik as hoofbestanddeel van die gewyde salfolie waarmee die tempel en die priesters gesalf is (Eks 30:22-31).  Dit is ook as skoonheidsmiddel en parfuum aangewend.

Daar is in die Nuwe Testament egter 'n sterk konneksie tussen mirre en Jesus.  Dit is nie toevallig dat die wyse manne vir Jesus, die Ewige Hoëpriester, mirre gegee het waarmee die tempel en die priesters gesalf is nie.  So ook lees ons dat Jesus die galbitter wyn wat met mirre gemeng is geweier het aan die kruis.  Hy neem ons bittere lyding sonder enige verdowing op Hom.

Maar dan is daar nog iets anders waaraan die geur van mirre ons behoort te herinner: die leë graf!  Jesus se liggaam en die doeke waarin Hy toe gedraai is, is met 50 liter mirre behandel toe Hy begrawe is.  Kan jy dink watter impak daardie geur op die mense wat die leë graf ontdek het moes gehad het!

Jesus het die bittere lyding vir ons aan die kruis verduur, maar meer as dit, Hy oorwin die dood. Die graf is leeg!

# Persoonlike Stiltetyd

BLY GEWORTEL

OGGEND:

Gebruik een van die stiltetyd metodes (bl. 4 van week 1 se boekie) om een van die week se Bybeltekste wat op die volgende bladsye verskyn te lees en skryf jou gedagtes neer.

Probeer om elke keer ook in te fokus op wat jou sintuie waarneem terwyl jy lees en wat dit sou waarneem as jy binne in die teks kon inklim.

Ma

Di

Wo

Do

Vr

Sa

So



AAND:

- Gebruik die riglyne op bl. 3 van week 1 se boekie om na te dink oor jou dag en met die Here daaroor te praat.
- Wat beteken die feit dat Jesus opgestaan het uit die dood vir jou op 'n daaglikse basis?
- Ons het party dae meer as ander nodig om herinner te word aan die krag en betekenis van Jesus se opstanding. Wat dink jy kan jy doen om jouself gereeld daaraan te herinner? Dalk is dit iets wat jy elke dag met jou sintuie kan waarneem...

# Skriflesings

## EKSODUS 30:22-31

22 Die Here het vir Moses gesê: 23-24 "Gebruik die
standaardmaat van die heiligdom en meet die volgende
speserye af: vyf honderd dele vloeibare mirre, die helfte soveel
geurige kaneel, twee honderd en vyftig dele geurige kalmoes,
vyf honderd dele kassie, en vier liter olyfolie. 25 Maak daarvan
gewyde salfolie, goed gemeng soos wanneer 'n vakman
parfuum maak. Dit is die gewyde salfolie.
26 "Jy moet die tent van ontmoeting en die ark waarin die
getuienis is, daarmee salf, 27 en verder ook nog die tafel met al
sy toebehore, die kandelaar met al sy toebehore, die
wierookaltaar, 28 die brandofferaltaar met al sy toebehore, en
ook die waskom met sy voetstuk. 29 Jy moet dit wy en dan sal
dit besonder gewyd wees. Alles wat daaraan raak, sal ook
gewyd wees.
30 "Jy moet ook vir Aäron en sy seuns salf en hulle so wy om as
priesters vir My diens te doen. 31 Sê vir die Israeliete: Dit is die
gewyde salfolie wat deur al julle geslagte heen aan My sal
behoort.

## MARKUS 15:22-26

22 Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek
beteken. 23 Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar
Hy wou dit nie hê nie. 24 Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere
onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry.
25 Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het. 26 En
die rede waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis
geskrywe: "Die koning van die Jode."

# JOHANNES 19:38-20:8

38Hierna het Josef van
Arimatea, wat 'n dissipel van
Jesus was maar in die
geheim, omdat hy vir die
Jode bang was, vir Pilatus
gevra of hy die liggaam van
Jesus mag neem. Pilatus het
sy toestemming gegee.
Josef het toe gegaan en sy
liggaam weggeneem.
39Nikodemus, wat 'n keer in
die nag na Jesus toe gekom
het, het ook gekom en 'n
mengsel van omtrent vyftig
liter mirre en aalwyn gebring.
40Hulle het die liggaam van
Jesus geneem en dit met die
geurolie behandel en in
doeke toegedraai, soos dit
die gebruik van die Jode was
om iemand vir die begrafnis
uit te lê.
41By die plek waar Jesus
gekruisig is, was daar 'n tuin
en in die tuin 'n nuwe graf
waarin daar nog niemand
begrawe was nie. 42Daar het
hulle Jesus begrawe, omdat
die sabbatdag vir die Jode al
amper aangebreek het en
die graf daar naby was.

1Die Sondagmôre vroeg, toe dit
nog donker was, kom Maria
Magdalena by die graf en sien
dat die klip van die graf af
weggerol is. 2Sy hardloop toe
en gaan na Simon Petrus en na
die ander dissipel toe vir wie
Jesus baie lief was, en sê vir
hulle: "Hulle het die Here uit die
graf weggevat, en ons weet nie
waar hulle Hom nou begrawe
het nie."
3Petrus en die ander dissipel
het toe uitgekom en na die graf
toe gegaan. 4Die twee het
saam begin hardloop, maar die
ander dissipel het vinniger as
Petrus gehardloop en eerste by
die graf gekom. 5Toe hy vooroor
buk, sien hy die doeke lê, maar
hy het nie ingegaan nie. 6Ná
hom het Simon Petrus ook daar
aangekom, en hy het in die graf
ingegaan. Hy sien toe die doeke
daar lê, 7ook die doek wat om
Jesus se kop was. Dié doek het
nie by die ander doeke gelê nie,
maar was eenkant afsonderlik
opgerol. 8Daarna het die ander
dissipel, wat eerste by die graf
gekom het, ook ingegaan, en hy
het dit ook gesien en geglo.

Deel met mekaar:
- Wat het jou sintuie alles vandag alles waargeneem? Probeer om iets te noem vir elke sintuig – wat het jy vandag gesien, gehoor, geproe, geruik en gevoel?
- Wat van hierdie dinge wat jy met jou sintuie waargeneem het was lekker en watter was vir jou sleg?
- Is daar iets wat jy vandag met jou sintuie waargeneem het wat 'n spesifieke herinnering by jou opgeroep het?

Bid saam:
- Gesels eers saam oor waarvoor ons alles gaan bid. Laat elke persoon ten minste een saak lys waarvoor ons gaan bid. Dit kan persoonlik wees waarvoor jy voorbidding vra of iets meer algemeen waarvoor jy dink ons moet bid. Laat een persoon dan hardop voorgaan in gebed spesifiek vir elke saak op die lysie.

Luister, lees en gesels:
- Lees **Johannes 19:38-20:8** hardop saam. As daar meer as een vertaling (Afrikaans of Engels) naby is, lees die teks gerus in 'n ander vertaling ook.
- Vertel vir mekaar wat elkeen in die teks hoor/oplet/oor wonder.
- Leef jouself in die verhaal in. Verbeel jou jy is saam met Maria of saam met Petrus daar. Wat dink jy sou jy alles gesien/hoor/ruik het. Watter emosies dink jy beleef hulle?

Vragies vir die gesin:
- Wat is daar wat jy elke dag met jou sintuie kan waarneem wat vir jou 'n herinnering kan wees dat Jesus die dood oorwin het? (Dink byvoorbeeld aan die son wat opkom en nog 'n nuwe dag aankondig. Of dalk die bome wat nuwe blommetjies maak wanneer die winter verby is en die lente begin.)
- Die nuus van Jesus wat opgestaan het uit die dood is die grootste nuus wat hierdie wêreld nog ooit gehoor het. Hoe dink jy kan ons vandag nog hierdie Nuus verkondig?
- Hoekom dink jy dit is belangrik om te weet (en te onthou!) dat Jesus opgestaan het uit die dood?

Uitdaging vir die week:
Kyk of julle as gesin een dag in hierdie week kan vroeg opstaan en saam kyk hoe die son opkom. Wat neem jou sintuie alles waar? Lees dan weer saam Johannes 20:1-8 en sê vir die Here dankie vir nog 'n nuwe dag en vir nuwe lewe!

